

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 37

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

Die Saaier

LUKAS 8:5-15

'n Saaier het uitgegaan om sy saad te saai; en toe hy saai, val 'n deel langs die pad en is vertrap, en die voëls van die hemel het dit opgeëet.

En 'n ander deel het op die rots geval; en nadat dit opgeskiet het, het dit verdroog, omdat dit geen vogtigheid gehad het nie.

En 'n ander deel het tussen die dorings in geval; en die dorings het daarmee saamgegroei en dit verstik.

En 'n ander deel het in die goeie grond geval en gegroei en honderdvoudige vrug opgelewer. Toe Hy dit gesê het, roep Hy uit: Wie ore het om te hoor, laat hom hoor!

En sy dissipels het Hom gevra en gesê: Wat beteken hierdie gelykenis tog?

En hy antwoord: Aan julle is dit gegee om die verborgenhede van die koninkryk van God te ken; maar aan die ander deur gelykenisse, sodat hulle, terwyl hulle sien, nie sien nie, en terwyl hulle hoor nie verstaan nie.

Dit is dan die gelykenis: Die saad is die woord van God. Dié langs die pad is die hoorders. Daarna kom die duiwel en neem die woord uit hulle harte weg, sodat hulle nie sou glo en gered word nie. En dié op die rots is hulle wat die woord met blydschap ontvang wanneer hulle dit hoor; en hulle het geen wortel nie, aangesien hulle net vir 'n tyd glo, en in die tyd van versoeking val hulle af.

En wat in die dorings geval het — dit is die wat gehoor het, en hulle gaan weg en word verstik deur die sorges en rykdom en genietings van die iewe en dra geen ryp vrug nie.

En wat in die goeie grond val — dit is die wat, nadat hulle gehoor het, die woord in 'n edele en goeie hart hou en met volharding vrug dra.

Is jy 'n verlore skaap?

Nee. Allesbehalwe. 'n Skaap is 'n onnosel ding wat deur drade peuter en in slote val. Hy volg die voorbok en kan nie vir homself dink nie. Nee, ek weet wat ek wil. Ek het my werk en my huis en my vriende. Naweke ontspan ek tuis of by die rivier. Saterdaggaande gaan ons dans of bioskoop toe. Sondag slaap ek laat en lees my koerant. Kyk, ek geniet die lewe. Die kerkmense? Hulle gee my 'n pyn.

Ja, ek verstaan. Tog, ek het by jou in die straat verbygeloop en in jou oë iets gesien: iets van weemoed... van verlange. Te midde van jou vriende en joligheid is daar tog iets wat jy mis, nie waar nie? Soms het jy onrustig geword. Sê nou dis waar wat die Bybel sê van die hemel en die hel en van die dinge anderkant die graf? Natuurlik, dit was maar 'n "sê nou..."

JY SOEK IETS

Tog het jy vir 'n oomblik eensaam en verlore gevoel by die gedagte dat jy eendag sonder jou vriende die dood moet ingaan. Alleen... en sê nou... nee! Die lewe behandel jou goed. Waarom sou jy nou oor sulke morbiede goed dink?

Kom nou, erken dit maar. Jy soek iets, nie waar nie? Onlangs, toe jy die doodsberig gekry het, (wat 'n verskriklike ongeluk was dit nie?) het jy gedink dit kon net so wel ek gewees het. Jy het geskrik. Dit het vir jou gevoel of jy nie gereed is om te sterf nie... of alles nie reg is nie. Jy het gewonder wat die doel van alles is, waar dit eindig. Alles is hier so onseker en jy het verlang na iets wat vas en seker is, wat bo die wisselinge staan. Na iemand aan wie jy kan vashou. Jy het na God verlang, sonder dat jy dit geweet het!

DIE GOEIE HERDER

Die skaap wat van die herder en die trop afgedwaal het agter die sappige grassies aan, besef nie hy is verlore nie... tot dit te laat is...tot die nag om hom vou met sy doodsgevaar. Is dit nie vir jou die moeite werd om betyds hieroor na te dink nie?

Die Bybel noem Jesus die Goeie Herder, die kerk sy kudde en dat die Goeie Herder vir sy skape gesterf het, sodat hulle die ewige lewe kan hê. (Lees gerus Joh. 10). Ja, glo dit as jy wil, maar God het daardie oninteressante ou mensies wat hulle gelowiges noem (en wat jou 'n pyn gee) so lief, dat Christus, die Seun van God, vir hulle gesterf het.

Dit klink vir jou naïef? Tog sê God dit Self in sy Woord! Hulle is sy kudde wat Hy gaan inlei in die hemelse saligheid.

En jy? Soos 'n koppige skaap het jy op jou eie koers weggedwaal...weg van die Goeie Herder en sy kudde af. Jy kom nooit in die kerk nie en dis juis daar waar Christus sy kudde ontmoet! Maar jy? Tussen die roofdiere het jy verdwaal en verlore geraak en elke tik van jou oorlosie sê: nader, nader, nader aan die afgrond.

HY ROEP NA JOU

Jy sien geen gevaar nie? Die dwalende skaap ook nie, maar nog hierdie nag sal hy die prooi van die roofdiere word; tensy hy terugkeer na die kudde en die herder wat roep.

Het jy die stem gehoor? Die stem van die Een wat tussen die afgronde en donkerheid, tussen klinkende glasies en vrolike musiek na sy verlore skaap kom soek?

Hoor — Hy roep na jou! Kom na My toe, sê Hy, en Ek sal jou op my skouers dra na die huis van my Vader waar daar ewige blydschap is.

Het jy tot hier gelees? Ek weet dit is maar swak gestel, maar weet: dit is nog 'n stem waarmee Jesus jou wil roep. Kom na My toe, verlore skaap, Ek wil jou red.

En daar sal blydschap in die hemel wees. Oor jou!

W. J. Maritz.

HAAI, JULLE VLOEKERS, HOOR HIER!

Jy wat die Naam van die heilige God soos 'n vloerlap gebruik om krag by jou argumente te sit; jy wat jou taal deurspek met gekruide woorde omdat jy dink dat jy daarmee jou aansien onder jou vriende verhoog; jy wat haas nie meer kan praat, sonder om God te laster nie.

Weet jy nie dat God jou hieroor in die oordeel sal bring nie?

Vir elke woord sal jy een maal rekenskap gee voor die alwetende God!

God laat Hom nie bespot nie.

Sy gebod is so duidelik dat 'n kind dit kan verstaan:

| |
|--|
| JY MAG DIE NAAM VAN DIE HERE JOU GOD NIE YDELLIK GEBRUIK NIE, WANT DIE HERE SAL DIE EEN WAT SY NAAM YDELLIK GEBRUIK, NIE ONGESTRAF LAAT BLY NIE. |
|--|

So ja,

Nou is jy opnuut gewaarsku.

Dink daaraan voordat jy die heilige Naam op jou lippe neem.

God hoor jou!

Houtjukke of Ysterjukke?

Wat verkies u?

So spreek die HERE: Houtjukke het jy verbreek, maar jy moet in die plek daarvan ysterjukke maak.

Dit is wat Jeremia aan Hanana, die valse profeet gaan sê het toe Hanana die juk wat Jeremia op sy nek gedra het, gebreek het. U kan die hele geskiedenis in Jeremia 27 en 28 lees.

As 'n mens die houtjuk wat God jou opgelê het, verbreek, kry jy in die plek daarvan 'n ysterjuk.

Dit is 'n lewenswet waaraan niemand kan ontkom nie — U ook nie.

Wil u sien hoe dit werk?

- Die jong seun of dogter wat die houtjuk van die Christelike opvoeding in die ouerhuis ondraaglik vind en dit verbreek en dan meen: nou is ek vry, vind later uit dat daar in die plek van die houtjuk 'n ysterjuk op die nek rus. Gehoor van die verlore seun? Hy het die vaderhuis verlaat omdat dit daar nie goed genoeg was nie en toe in die varkhok beland!
- Die man of vrou wat die Christelike huwelikslewe 'n ondraaglike houtjuk vind, dit verbreek en meen: nou is ek vry, vind later uit dat die lewe van 'n geskeide mens soms 'n ysterjuk is wat skaaf en knel. Egskeiding is soms maar net die uitklim uit die pan in die vuur. Egskeiding mag 'n uitweg wees, maar is dit 'n oplossing?
- Die vriend of vriendin wat dit in die kerk te eng en te bekrompe vind en die houtjuk van die kerklike gemeenskap verbreek en meen: nou is ek vry, vind later uit dat die kerklose vryheid 'n ondraaglike ysterjuk is — 'n voorsmaak van die hel, want wie die kerk bedank, bedank sy saligheid.

Moenie die houtjuk wat God u opgelê het, verbreek nie. Dan maak u vir uself 'n ysterjuk.

Luister liever na Jesus wat vir ons die ysterjuk van die kruis gedra het. Hy roep u: **Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is en Ek sal julle rus gee. Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart. En julle sal rus vind vir julle siele, want my juk is sag, en my las is lig.** (Matt. 11:28-30).

MOENIE DWAAL NIE

Moenie dwaal nie.
God laat Hom nie bespot nie.
Want net wat die mens saai,
dit sal hy ook maai.
Hy wat in sy vlees saai, sal
uit die vlees verderf maai.
Maar hy wat in die Gees
saai, sal uit die Gees die
ewige lewe maai.

PROBLEEM-OUERS

"U sê u kind is 'n probleemkind?"

"Ja, ek kan dit nie verstaan nie. Hy kry baie aandag wanneer ek by die huis is. Hy kry ook alles wat hy begeer en..."

"Net 'n oomblik, is u nie dalk 'n probleem-ouer nie?"

Hierdie vraag het groot verbasing tot gevolg gehad en uit die verdere gesprek het dit duidelik geword dat hier 'n geval van misplaaste ouerliefde was.

"Misplaaste ouerliefde?" vra u.

"Ja, en wel só dat dit gebore is uit 'n skuldgevoel van die ouer teenoor die kind."

'N UITHUISIGE MOEDER

Kyk, hierbo is gesê dat die kind baie aandag kry, 'wanneer ek tuis is'. Blykbaar het ons hier te doen met 'n moeder wat baie uithuisig is en waarskynlik word die kind in die sorg van 'n bediende oorgelaat wanneer hy van die skool kom.

Reeds omdat die moeder wéét dat sy haar kind hierdeur verwaarloos, gee sy toe aan elke wil en gril van die kind. Hy word selfs voorgepraat wanneer hy ongehoorsaam is, of allerlei stoutighede uithaal. Hy kry alles wat hy begeer, omdat die ouer probeer vergoed vir wat die kind moet ontbeer omdat sy so min by die huis is. Die gevolg? Die kind leer geen waardebefesie nie.

Hy neem 'n proteshouding aan wat uiting vind in die vorm van weerspanning, leuenagtigheid, verkwisting, skynbare domheid, luiheid, neurotiese angste, hakkels, stoutigheid ens. Dit alles omdat hy geen vaste fondament het om op te bou nie en waarop hy telkens weer kan steun nie.

Hy soek na sekerheid in die alledaagse lewe, bv. dat moeder tuis is wanneer hy van die skool af kom. Hy moet daarop kan reken dat selfs die ete op bepaalde tye gereed is. Hy wil daarvan seker wees dat die orde by die huis gehandhaaf word, dat ongehoorsaamheid gestraf word en allerlei praatjies oor ander mense nie geduld word nie. Kortom: die kind soek na die regte leiding in al die vrae wat ontstaan tydens sy grootword. Hiersonder kan hy met sy kindergees nie die lewensomstandighede bemeester nie, soos dit in sy kindergemoed ontplooi en van buite af op hom aangestorm kom nie. Hy loop gevaar om 'n opstandige saamloper in die samelewing te word, sonder doel of rigting.

MISPLAASTE OUERLIEFDE

U vra wat het dit alles met probleem-ouers te doen? Dit het álles daarmee te doen!

Die probleem van die probleem-ouer is juis o.a. sy wanbegrip van die kinderlewe, heerssug, verwaarlosing of misplaaste ouerliefde!

Dit weer spruit voort uit die ouer se eie sielskonflikte. Waarom? Omdat die ouer die klem in die daaglikse lewe en geestelike lewe op die eie-ék plaas, in plaas van om God die doel en sentrum van die lewe te maak, sodat die hele lewe 'n lewe tot sy eer alleen is.

**Van Probleem-kinders
hoor ons elke dag
Hier kan u lees van
Probleem-ouers**

Weens die verlokkeende glans van die dinge van hierdie wêreld, wat die satan aan die mens voorhou, word die materiële dinge op die voorgrond gestel en word die geestelike lewe uitgehonger! Die kind kry alles wat hierdie wêreld hom kan aanbied, maar geestelik word hy verhonger!

EK IS MY EIE BAAS

Die ouer toets of daag God se gebod, voor die regterstoel van sy eie-ék! God se gebod lui: "Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie," maar die mens sê: "Ek is my eie baas en maak en doen soos ek wil. Ek kies self wat vir my die beste is en die beste voordele op materiële en geestelike gebied inhou."

Wanneer God se gebod lui: "Gedenk die Sabbatdag dat jy dit heilig," dan sê die mens: "Ek onderhou die sabbatsgebod volgens my eie goeddunke." Só kan ons voortgaan en al die gebooi van die HERE by ons laat verbygaan. Die roede word teruggehou, en aan die doopsbelofte word glad nie meer gedink nie.

'N MEULSTEEN OM DIE NEK!

Bedink wat Jesus Christus sê in Matt.18:6: **"maar elkeen wat een van hierdie kleintjies wat in My glo, laat struikel, dit is vir hom beter dat 'n meulsteen aan sy nek gehang word en hy wegsink in die diepte van die see.** En die Spreuke-digter skryf: "Wie sy roede terughou, haat sy seun, maar hy wat hom lief het, besoek hom met tugtiging."

Pasop vir die muur van aardse welvaart wat opgebou word tussen u en u God — 'n muur van aardse dinge wat die kind skei van die HERE, omdat hy God nie ken as die Gewer van alle dinge nie.

Ouers wat die heil van die HERE ken, se grootste taak is om hulle kinders te laat sien dat Jesus Christus die mens vrygemaak het van die slawebande, waarmee die satan probeer om die mens te bind aan die aardse dinge, geestelik sowel as liggaamlik.

H. J. S. VENTER.

Leef u om eenmaal te kan sterwe?

Elke mens lewe. Elke mens sal sterwe.

Alleen die mense wat nog lewe wanneer Christus weer kom om te oordeel, sal in 'n oogwink verander. So lees ons in die Bybel.

U wat hier lees, lewe u, sodat u een maal sal kan sterwe?

Ja, u sal sterwe, maar hoe en wat daarna?

"Wie leef daar wat die dood nie een maal sal aanskou nie? Geeneen wat teen die mag sy lewe kan behou nie."

Laat my toe om iets wat ek in hierdie verband beleef het, te vertel.

EERGISTER WAS HY NOG GESOND

Ek sit eendag lank gelede in my studeerkamer en die telefoon lui.

'n Vrou praat en sê: "Dominee, sal u nie asseblief na die hospitaal gaan nie? My man is daar en baie ernstig siek."

Ek vra toe: "Wat makeer hy?"

Sy sê: "Ag Dominee, eergister het hy nog niks makeer nie. Hy het die môre opgestaan en gaan skeer, en toe sny hy sy bolip raak. Toe hy die aand van die werk af kom, was die plekkie rooi en geswel.

Gister moes ons hom hospitaal toe neem. Die dokter sê dit is bloedvergiftiging en baie gevaarlik. Hy was nie van my gemeente nie, maar wel 'n goeie vriend. Ek het dadelik gegaan. Wat ek daar beleef het, het my ver laat dink en dit is vir my nog soos die dag van gister.

HY WAS BEREID OM TE STERWE

Hy was reeds sterwend, en onherkenbaar soos sy hele hoof geswel was, maar darem nog by sy bewussyn. Hy was bly dat ek gekom het en sê toe vir my hy weet dat hy gaan sterwe en hy wil graag hê ek moet vir hom bid. Ek praat toe nog een en ander en vra of hy bereid is om te sterwe.

Hy sê toe vir my dat hy heeltemal bereid is, want hy glo dat Christus hom vrygekoop het met sy bloed en dat die sterwe vir hom 'n wins sal wees. Nou moet ek ook sê dat hy 'n stil en godvrugtige lewe gevoer het. Ons het saam gebid en hy was dankbaar en tevrede. 'n Paar uur later is hy oorlede. Hy het stil en sag heengegaan.

HIERDIE EEN WOU NIE STERWE NIE

Reg teenoor hom in die saal het daar 'n ander sterwende gelê — soos dit aan sy woorde geklink het, was hy 'n ongelowige, of altans 'n baie ruwe mens. Hy was nie stil nie, maar baie luidrugtig en opstandig. Hy het aangehou uitroep: "Ek wil nie sterwe nie. Ek kan nie sterwe nie."

Ek wou na hom toe gaan, maar die hospitaalsuster keer my voor en sê: "Dominee, dan is hy eens so erg. Hy het reeds al 'n ander predikant met lastertaal daar weggejaag. Hy wil niks te doen hê met 'n predikant nie." Later het ek verneem dat hy ook dieselfde nag so al vloekende gesterf het.

DIE GROOT VERSKIL

Die gebeurtenis het my aangegryp. Die teëstelling tussen die twee sterwendes was groot. God alleen weet waarheen die siele gegaan het. Die **een se lewe** was so, dat hy kon sterwe. Die **ander een** se lewe was waarskynlik so, dat hy nie kon sterwe nie. 'n Mens sien mos maar wat voor oë is. Ek het gedink aan Ps. 49.

Daar sing die psalmdigter van die gelowige as volg:

Maar na die dood, dan rys die dag vir my,
God sal my red, Hy koop my siel dan vry,
Hy, die oorwinnaar in die laaste stryd,
neem my dan op **in ewige heerlikheid.**

Van die ongelowige sing hy:

Vlei hy homself in sy gelukstaat nou,
Prys hul dit dat hy hom geen weelde onthou —
sy blom verwelk waaroor die doodswind gaan,
en hy daal neer, agter sy vaders aan.
Die duisternis, geselskap van verderf,
'n ewige nag, is al wat hy verwerf.

Een ding is vir my duidelik: leef so, dat u ook kan sterwe.

Onthou die Bybel sê: Salig is die wat in die Here sterwe; en so sal hulle altyd by die Here wees, maar onthou ook: Die wat God verlaat, het smart op smart te vrees.

Hoe leef u om een maal te kan sterwe?

J. F. DU PLOOY.

ALLEEN VIR SLEGTE VROUE!

Adderstraat 217

Dis nag.

Die wind fluit troosteloos om die hoeke van die bouvallige huis. In die nou straatjie dwarrel papiere en blare koersloos rond en pak dan teen die geroeste draadheining om die reeds bakhangende ogiesdraad verder plat te ry. Die raam van wat eens 'n voorhekkie was, kraak 'n gebroke lied as dit met onreëlmatige rukke en stote deur die wind gepla word.

In teenstelling met die indruk van verlatenheid wat Adderstraat 217 jou gee, is die huis alles behalwe verlate. Hier waar ons in die donker staan, kan ons die geraamtehekkie mooi sien. In hierdie kort tydjie van ongeveer 'n uur het nie minder as vier gaste die geraamte uit hul pad gestoot om in of uit te gaan nie. Van verlatenheid is hier geen sprake van nie. Tog is die uiterlike van Adderstraat 217 'n weerspieëling van die verrotting van binne.

EMMA GAAN STAD TOE

Daar is vier ontvangsdames. Laat ons ons bepaal by Emma. Sy is agtien. Haar ouers het haar stad toe laat gaan op haar eie aandrang. Haar onrustige geaardheid het nie met die plesier-doodsheid van die platteland ooreengestem nie. Spoedig het sy met die plesierwolwe van die stad kennis gemaak en haar met oorgawe laat meesleur deur die sondestroom van ongebondenheid. Haar daaglikse werk het vir haar te veel geword en heel gou het sy by 217 werk gekry.

HAAR OUERS WAS HOUTGERUS

Die kerk staan in die nuwe uitbreiding. Soos die kraai vlieg, is dit minder as 'n kilometer van 217 af. Emma was een keer daar. Sy kon dus vir haar ouers presies skryf hoe die kerk en die predikant lyk — en daarmee was hulle hoogs tevrede. Daarna was sy nooit weer daar nie. Die kerkraad het ook nie van haar geweet nie, omdat haar "assistaat" nooit aangevra of aangestuur is nie. (Gelukkig het die plaaslike kerkraad evangelisasiewerk gedoen.)

EMMA ONTVANG BESOEK

Ons het Emma een middag besoek. Sy het pas opgestaan uit haar onrustige slaap. Die pers onderkant haar oë was nie van grimering nie — sy was liggaamlik en geestelik moeg. Sy het in die stad kom soek na plesier — en sy het dit gevind, maar in plaas van 'n gelukkige Emma het ons 'n onvergenoegde kind gevind wat nie eers uitgesien het na haar negentiende verjaarsdag nie. Sy het geestelik op die rotse beland en as wrak het sy gevaar geloop om in die diepte te verdwyn. Op die regte oomblik is 'n helpende hand na haar uitgesteek.

Die woorde van Jesus aan die owerspelige vrou (Joh. 8) het die bedompige vertrekke gevul: "En toe Jesus Hom oprig en niemand sien behalwe die vrou nie, sê Hy vir haar: Vrou waar is daardie beskuldigders van jou? Het niemand jou veroordeel nie? Sy antwoord: niemand nie Here.

Jesus sê vir haar: "Ek veroordeel jou ook nie. Gaan heen en sondig nie meer nie."

EMMA KOM TERUG

Emma het die reikende hand gegryp, terwyl trane van selfveragting en berou oor haar poeierwange gestort het. Nadat die ouderling 'n dankgebed gedoen het, het ons stil uitgegaan.

Emma het weer begin werk — bedags. Sy het ook kerk toe gekom en by die kerk se jeugvereniging aangesluit. Sy het haar volkome van haar bose weë bekeer en sy het 'n gelukkige mens geword.

Die hand word hiermee ook aan Emma se vele 217-vriendinne gereik. "Ek veroordeel jou ook nie. GAAN HEEN EN SONDIG NIE MEER NIE."

P.A. SMIT

GEBED

O Vader, my gees verlang na die heerlikheid van die Vaderhuis.

U onwaardige kind verlang om tot U te mag gaan en u heerlikheid te sien.

Wanneer sal ek ingaan en voor u aangesig verskyn?

U alleen, Here, kan vir my die poorte oopmaak wat tot u lig lei.

U alleen kan maak dat my verwagting nie beskaamd word nie.

O, versmaad my nie.

Ontferm U oor my. Ek is die werk van u hande. Help my, Vader, deur u magtige arm, en laat my nie terwille van my sonde verlore gaan nie.

Na U dors my siel, lewende God.

Wanneer sal ek uit hierdie dorre wêreld tot 'n ewige vreugde kom?

Wanneer sal u my dors les en my verkwik voor u aangesig, o Fontein van alle lewe!

Amen.

Augustinus.